**Toe** die eerste voëltjies wakker word en hul liedjie begin sing, spring Lisa Liefbesie op van die roosblaar waarop sy geslaap het.

Dit is nog donker, die son se strale sal seker eers oor 'n uur begin skyn, maar Lisa is te opgewonde om één oomblik verder te slaap.

Vandag is haar groot dag, haar **verjaarsdag!**





Lisa Liefbesie woon op ’n groot plaas. Lisa is ’n liewenheersbesie, maar vir al die diere op die plaas en in die woud is liewenheersbesie darem ’n baie lang woord.

“Lisa,” sê die koeie en die tarentale en die perde en die wildsbokkies in die bos vir haar, "liewenheersbesie is nou wel 'n baie mooi woord, maar, ai, dit is so lank! Kan ons jou nie liewer Lisa Liefbesie noem nie? Dit is korter, en dit sê nog steeds dat jy 'n diertjie van die liewe Heer is."

Lisa glimlag altyd as die diere vir haar 'n Liefbesie noem. Sy gee glad nie om nie, want dan voel sy sommer nóg mooier as wat sy is, en asof sy nóg meer liefgehê word.

Lisa het alle rede om mooi te voel. Haar vlerkies is bloedrooi, met helder swart kolle. Sy is baie trots op haar lyfie, veral as die mevrou van die tuin haar en die ander liefbesies op die roosbome raaksien en sê: "Ai, kyk hoe mooi is die liewenheersbesies. En dan doen hulle nog sulke goeie werk in my tuin!"



Al Lisa se maatjies is by die partytjie. Dit is 'n baie warm dag.

Februarie is altyd warm, want dit is in die somer. Daar is so baie maatjies dat party in die bome moet sit.

Die voëltjies fluit "Veels geluk, liewe maatjie", die krieke kriek "omdat jy verjaar" en die muise piep "mag die Here jou seën, en nog baie jare spaar."

Die skape blêr, die donkies balk, die perde runnik, die wildsbokkies snork, die hoenders kekkel en kloek en dans rondom Lisa dat die stof sommer in wolke om almal staan.



Lisa is tog te gelukkig met al haar maatjies wat by haar kuier.
Sy swaai haar lyfie en dans saam met almal.
Toe sy verby die visdammetjie dans, kyk sy in die weerkaatsing
na haarself, want sy weet sy lyk baie mooi.

